Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 15 April 2018 Jr. 7 Nr. 13
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Hoe om (nie) oor God te praat (nie)

Handelinge 3:12-19

Om te leef vanuit die wete dat Christus die lewende opgestane Here is, is om te dans op die wrakke van die verlede. Die opstanding van Christus is ook iets wat in ons plaasvind. Ons word opgewek tot 'n nuwe lewe.

Dit word aangrypend uitgebeeld in Handelinge 3, eintlik in die hele Handelinge. Die lyding en dood van ons Here Jesus en sy opstanding staan sentraal in die boek Handelinge in al die toesprake!

Petrus praat 'n ander taal:
Teenoor mense wat die verhouding met God vertolk in terme van wette en reëls, verkondig Petrus die dood en die opstanding van Jesus;
Teenoor mense wat aan die verskillende tradisies vasklou, herinner Petrus aan hoe Jesus gesterf en opgestaan het;
Teenoor mense wat glo dat hulle self hul lewenswaardes moet uitwerk, verkondig Petrus die lewensriglyne van Jesus wat vir ons gesterf en opgestaan het.

Wat maak dan van iemand 'n Christen? Wanneer daardie persoon glo in die Here Jesus Christus, wat gesterf het, maar opgestaan het uit die dood en lewe!

Wat is kragtige prediking die Paastyd? Nie swael en vuur nie, nie intimidasie nie, nie eers tekens en wonders nie . . . maar die boodskap van die kruis en die opgestane lewende Here!

Ons dans soos Petrus op die wrakke van die verlede! Jesus het opgestaan.

Sondag 15 Maart

Hoe ons (nie) oor God kan praat (nie)
Hand 3:12-17

08:00 Meditatief	Danie O'Kennedy
08:00 Klassiek	Breda Ludik
09:30 Meditatief	Danie O'Kennedy
09:30 Informeel	Hannes Theron
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Breda Ludik
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Pneumatix
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Deurkollekte: Omonia-vlugtelinge

Sukkel jy om te hoor tydens die diens?
Stuur sommer dadelik vir
Tiaan 'n Whatsapp na 081 300 4343 en in watter area jy sit.

Ons is op soek na nog mense wat kan deel wees van die **klankspanne** by die oggenddienste, kontak asseblief vir Corneille by aanbidding@nghelder.co.za

Sondag 22 April

Ps 23

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Danie O'Kennedy
Geen Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Bid saam met ons vir die volgende:

Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Andrew King - gehospitaliseer
Helene Swart - kanker
Roenel Swart - ernstig siek

Rou:
Ons dink aan Emil Krugmann wie se ma oorlede is.

Tienerkerk gaan na Pneumatix vir Youth

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - #Ax3chut

Wat gebeur die week:

Dinsdag 17 April
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel

Woensdag 18 April
08:15 Bid in Kapel
19:00 Doopgesprek - Kapel

Donderdag 19 Maart
09:30 Bybelstudie - Kapel (gesamentlik)
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory

Saterdag 21 April
09:00 Harmony canvas werkswinkel - Tent

Baie welkom aan die volgende nuwe lidmate:

Andries en Bernice Erwee en hul seun Canzius - Newcastle(Bergsig)
Adél Griebenow - Grahamstad
SP Griebenow - Bellville
Loraine Joubert-Vila en haar seun Tristan Joubert - Phalaborwa
Hein Mocké - Bredasdorp
Mia Mocké - Struisbaai (Suidpunt)
Michelle von Petersdorf - Oudtshoorn (Welgeluk)

Bybelstudiegroepe:

Ons spring op Donderdag 19 April weg met ons nuwe reeks bybelstudies oor "Ontmoetings met God" om 09:30 in die kapel.
Die kwartaal se materiaal sal by die byeenkoms beskikbaar wees.

Wil jy saam bid?

Dinsdagoggende van 06:00 tot 06:45 gesels en bid ons in die Tent vir ons land en gemeenskap.

Elke **2de Woensdag** (18 April) in die Kapel om 8:15, bid ons saam vir ons land, kerk, gesinne en gemeenskap. Hierdie gebedsgroep is al 33 jaar aan die gang en daar is soveel getuienisse van die krag van gebed oor die jare. Ons nooi jou uit om aan te sluit en deel te word van hierdie kragtige bediening.
Navrae: Chris Theron, 021-851 2828 / 074 761 7638

Dan is daar ook die mense op ons **voorbiddinglys**. Bid asseblief vir elkeen wat siek is of in rou is op die lys.

Jeugaksie:

Welkom terug aan ons jeug en ouers na die Paasvakansie. Ons kinders se veiligheid wanneer hulle in ons sorg gelaat word, is vir ons belangrik. Daar word gepoog dat die Informele diens en die Jeugaksie dienste dieselfde tyd uitkom, maar dit gebeur nie altyd so nie. Dit is baie belangrik om met jou kind 'n reëling te tref waar julle mekaar na afloop van die dienste kan ontmoet.

By die Kleuterkerk is spesifieke sekerheidsreëls van toepassing en ouers moet asb. seker maak hulle het die briefie vanoggend ontvang. Dit is ook beskikbaar op die kerk se webblad.
Vir enige navrae kontak asb. vir Annette Botha by die kerkkantoor.

Omonia vlugteling-projek

"Please South Africa and Mr Nelson Mandela, help us!" Dit was die pleidooi van Noor en Alaa Alkhateeb, twee Siriese sussies, wat hul boodskap onlangs via Twitter aan die plaaslike nuuskanaal ENCA gerig het.

Die sussies, onderskeidelik 10 en 8 jaar oud, het bekendheid verwerf deur verslag te doen oor hul lewe in die oorloggeteisterde stad Ghouta. Hulle Twitter-rekening het amper 14 000 volgers. Hul behoeftes is eenvoudig: Hulle wil skool toe gaan. Hulle wil buite speel. Hulle wil in vrede leef.

Die Alkhateeb-gesin is intussen na veiligheid gebring in Turkye, maar hulle rig steeds pleidooie namens hul landgenote. Ná die onlangse chemiese aanval in Douma, het hulle getwiet: "We are the #children of #Ghouta. At this moment we think about the children of #Douma. Please save the children of Douma."

Die Verenigde Nasies het hierdie week bekend gemaak dat die getal ontwortelde Siriërs sedert die begin van 2018 reeds op ongeveer 700 000 staan. Griekeland het vir baie vlugtelinge uit lande soos Sirië, Libië, Irak en Afghanistan die intreepoort tot Europa geword. Die Omonia Gemeente in Athene, onder leiding van Alexander en Eleni Melirrytou, bied 'n (tydelike) tuiste aan hierdie vlugtelinge – 'n plek waar hulle welkom is, hulp en ondersteuning kan kry, en Jesus se liefde kan ervaar. Van die vlugtelinge wat Jesus aangeneem het, het selfs al hul eie Arabiese gemeente gevestig onder die vlerk van die Omonia Gemeente.

Ons voel dikwels magteloos wanneer ons aan die vlugtelingkrisis dink, en ook verwyderd daarvan, omdat dit elders gebeur en ons nie werklik direk raak nie. Deur die Omonia-vlugteling-projek kan ons IETS doen.
Die projek se visie is om voort te bou op die bande wat gevestig is tydens die projek se uitreik na Omonia in 2017 en die Omonia Gemeente te ondersteun in hul vlugtelingbediening met gebed, emosionele- en praktiese hulp en ondersteuning.

Projekleier: **Pia Nänny** 083 289 4876 of pia.nanny@gmail.com

Helderberg UITREIK

Baie dankie vir jou geloofoffer

Art 18A kwitansies

Helderberg Uitreik se projekte wil graag ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor elkeen wat die afgelope boekjaar 'n geloofoffer gebring het. Namens die mense wat Jesus leer ken het, mense wat opgehef is, mense wat kos en lewensmiddele ontvang het, mense wat Jesus se liefde ervaar het, sê ons baie baie dankie.

Indien jy 'n Art 18A kwitansie benodig vir geloofoffers vir plaaslike en ontwikkelingsprojekte en WBB wat in Helderberg Uitreik se rekening betaal is, kontak asb vir Louise Theron louise@nghelder.co.za of 021-851 5582

THE GLOBAL LEADERSHIP SUMMIT
YOUTH

Youth GLS 2018 by Tienerkerk

#Tienerkerk begin die 2'de kwartaal met hierdie GROOT byeenkoms.
Die Global Leadership Summit, van Willow Creek word vir meer as 20 jaar in 130 lande en 60 tale aangebied en hulle gaan dit verder uitbrei na die jeug. Die groot eer het Helderberg Gemeente te beurt geval om die promosie vir die Youth GLS te doen.
Kaartjies is nie duurder as 'n fliekkaartjie (R80) nie en sluit in: 'n "goodie bag"; internasionale sprekers wat 10 minute sessies aanbied vir 108 minute en *live Worship*
Wanneer: Sondag, 15 April 2018 om 18:00 – 20:00
Waar: Pneumatix Kampus: Mondeorweg 88, Somerset-West
Busvervoer vanaf Helderberg Gemeente: 17:15
Ouers ook welkom om dié geleentheid by te woon.

RESTART

Ons is só passievol oor God, daarom kan ons nie anders as om voluit te lewe en saam met ander opgewonde te wees oor God nie – dit is één van ons uitgangspunte in Helderberg Gemeente. Ons is geskape met 'n verlange om ons lewens met God te deel (GODwaarts); met 'n verlange om die lewe met ander te deel (METwaarts); en met 'n verlange na 'n beter wêreld (UITwaarts).

Daar is wel EEN groot probleem: Ons beskik nie oor die nodige fondse om te doen waartoe ons glo die Here ons roep nie. As deel van die **RESTART** moet ons die werklikheid in die oë kyk en in eerlikheid geloofsonderskeidend selfondersoek doen. Die vrae is onder andere:

- Waarop moet ons nou focus? – ons nooi jou na 'n tafelgesprek op Dinsdag, 17 April om 19:00; Woensdag, 18 April om 09:00 en Maandag, 23 April om 19:00 in die kapel. Jou insette is vir ons van groot waarde.
- Het ons werklik 4 810 belydende lidmate en 1 900 dooplidmate (2 733 huishoudings)? Ons is nou besig om al ons data te kontroleer. So verwag 'n telefoonoproep namens die kerkraad en leraarspan. As ons nog nie jou kontakbesonderhede het nie, maak asb. 'n draai by die kerkkantoor. Ons is immers familie.
- Hoe is dit moontlik dat net 18% van ons huishoudings maandeliks 'n finansiële bydrae maak? So 'n gemeente het groot moeilikheid en dit is presies waar ons nou is. Kan ons dit nie in die volgende drie maande opstoot na 36% nie? Vir jou wat alreeds maandeliks gee, baie dankie; vir jou wat nie gee nie, oorweeg dit asb. biddend. Ons glo die gemeente word deur God geroep, daarom aanvaar ek medeverantwoordelikheid om my tyd en geld te gee vir die werk van die gemeente.
- Is ons bedieningspraktyk finansieel volhoubaar? Die kerkraad kyk krities daarna en ons kyk ook ernstig na ander maniere van befondsing.

God is prioriteit in ons lewe – dit wat vir God belangrik is, is vir ons belangrik. Dit vra 'n oorgawe, 'n radikale verbintenis van ons hele lewe aan Hom.

Koffiekuiers

Kom kuier gerus na die erediens in die Tent met 'n heerlike koppie gratis koffie of tee. Die Kiddiekerk is vanaf vandag nie meer in die Tent, so ons kan die hele ruimte vol kuier. Dis die ideale manier om mede-lidmate beter te leer ken en saam te gesels oor sake op jul hart. Maak ook seker dat julle besoekers laat tuis voel in ons gemeente – gasvryheid is mos een van ons waardes.

Ons 12 uitgangspunte:

1. God is prioriteit in ons lewe – dit wat vir God belangrik is, is vir ons belangrik. Dit vra ŉ oorgawe, ŉ radikale verbintenis van ons hele lewe aan Hom.
2. Ons harte vind geen rus voordat ons in God dié rus vind nie, daarom sonder ons tye en ruimtes af om saam en afsonderlik op God te fokus.
3. Ons het ŉ behoefte aan groei en leer, daarom is dissipelskap vir ons belangrik en ontdek ons saam wat dit behels.
4. Ons is só passievol oor God, daarom kan ons nie anders as om voluit te lewe en saam met ander opgewonde te wees oor God nie.
5. Ons weet dat baie mense bekommerd is oor die toekoms, daarom help ons mekaar om uit God se hoop te leef.
6. God is aktief besig in ons wêreld en omgewing, maar ons sien dit nie altyd raak nie, daarom vestig ons mekaar se aandag daarop.
7. Ons glo die gemeente word deur God geroep, daarom aanvaar ek medeverantwoordelikheid om my tyd en geld te gee vir die werk van die gemeente.
8. God het ons kinders lief, daarom is ons kerk op ŉ manier wat hulle inspireer om deel te wees van en in die gemeente te bly.
9. Ons erken dat mense nie dieselfde is nie, daarom is ons intensioneel daarop ingestel om hierdie verskeidenheid te omhels.
10. Hierdie is God se gemeente en almal is welkom, daarom kies ons om niemand uit te sluit nie.
11. Ons erken mense het ŉ behoefte om te behoort, daarom skep ons tyd en ruimtes om hierdie behoeftes aan te spreek.
12. God bou sy koninkryk deur groot en klein aksies van gelowiges, daarom erken en ondersteun ons projekte van groepe gelowiges en ook die daaglikse aktiwiteite van individuele gelowiges in die wêreld.

Erediensvraelys

Ons is só passievol oor God dat ons saam met jou God se teenwoordigheid in die erediense wil beleef. By die ingange en by Ontvangs is 'n vraelys oor die erediense, dit is ook op die webblad beskikbaar. Vul dit asb. vir ons in en stuur dit na die kerkkantoor – dit gaan ons baie help t.o.v. die inkleding van ons erediense.

Roepingsverklaring 2018

Leef met ‘n passie vir God en ’n hart vir mense en ‘n wêreld in nood.

Waardes

Vertroue – Leerbaarheid – Deernis – Gasvryheid

Bedieningsfokusse

GODwaarts - Ons is geskape met ’n verlange om ons lewens met God te deel.
Ons behoort aan God! Die verhouding met die drie-enige God - Vader, Seun en Heilige Gees – is vir ons die belangrikste en mees fundamentele verhouding en dit raak ons lewens direk. Hierdie verhouding behels ’n oorgawe aan God, ’n voortdurende soeke na God se wil vir ons lewe, Sy wil te gehoorsaam en om saam met ander gelowiges Sy liggaam hier te wees. Ons ontdek God se wil vir ons lewe deur erns te maak met die Woord van God, verhoudinge met alle mense en die skepping. Om in verhouding met God te leef en biddend die lewe aan te pak, impliseer ook ’n intieme verhouding waar God ons kan vorm, en ons groei in kennis, liefde en bewondering vir Hom.

METwaarts - Ons is geskape met ‘n verlange om die lewe met ander te deel. Geloof vra van ons die moed en oortuiging om te aanvaar dat ons deel is van ’n groter geheel. Saam met ander ontdek ons God en leer ons Hom ken, ervaar ons sy teenwoordigheid, word ons gevorm en groei ons in ons verhouding met God. Ons maak erns met dissipelskap. Ons is almal geroep om Hom te volg en ons help mekaar om te ontdek wat dissipelskap alles behels. Ons word gevorm deur ons stories en lewens met mekaar te deel en ons help mekaar om met geloofsonderskeiding te leef.

UITwaarts - Ons is geskape met ’n verlange na ’n beter wêreld.
Ons getuig van die liefde van God die Vader vir sy hele skepping. Die hart van die evangelie is: Jesus Christus is die Here - Hy is gekruisig, Hy is opgewek, Hy het opgestaan. Die evangelie verander ons en raak ons lewens direk. Ons getuienis, waarvan geloofsgesprekke deel vorm, is gerig op ontmoeting met Christus en met ’n nuwe toewyding aan Hom. Ons is deur God geskape en geroep om van die wêreld ’n beter plek te maak. Elkeen het deel aan hierdie roeping. Ons staan ook nie alleen in hierdie roeping nie; God is alreeds aktief besig in hierdie wêreld. Saam met Hom rig ons tekens vir sy koninkryk op; is ons instrumente in Sy hande en wil ons graag ’n voorsmaak van sy Koninkryk wees.

Ek maak dit moontlik deur my gebede, deelname en finansiële bydrae aan Helderberg Gemeente.

Pinkster 2018

Lus vir ‘n lekker fees saam met mede-gelowiges. Dan moet jy nie ons Pinksterweek vanaf Sondag, 6 Mei met die bekende teoloog en skrywer – Stephan Joubert mis nie. Daar sal elke aand om 19:00 ‘n byeenkoms in die kerk wees. Tradisioneel kuier ons lekker saam voor of na die diens met eetgoed wat te koop is vanaf 18:00 in die Tent. Die spyskaart sal nader aan die tyd gekommunikeer word.

Ons sluit Pinksterweek af met ‘n heerlike Hemelvaartfees op Donderdag 10 Mei. Deur die dag sal daar ‘n deuropende program vanaf 08:00 (elke halfuur) in die Kapel wees. Kom kuier oor ‘n koppie koffie in die Tent waar ligte eetgoed te koop, asook middagete te koop sal wees.

Die aand gaan ons ‘n heerlike musiek en lofprysingsaand om 19:00 in die kerk hê. Daar sal vooraf en agterna verskillende kosstalletjies wees waar jy kan koop waarvoor jy lus is. Dit is net sommer ‘n heerlike feesdag met kos vir die siel en die liggaam en geleentheid vir saamkuier. Moenie dit mis nie en nooi gerus jou bure, vriende en familie saam. Ons het rede om fees te vier want ons glo in ‘n Opgestane Here wat hier is.

Daar is ‘n beperkte hoeveelheid stalletjies beskikbaar, kontak Corneille Barnard by aanbidding@nghelder.co.za so gou moontlik vir meer inligting as jou projek/omgeegroep of groep vriende graag ‘n kosstalletjie wil behartig.

Omonia – Projek

Fredericke van Schalkwyk en Marlise Odendaal speel en voed vlugtelingkinders.

Voel jy gefrustreerd en sonder rigting en nuwe drome? Voel jy oorweldig deur jou alledaagse lewe? Kom geniet ‘n kreatiewe oggend by ‘n werkswinkel wat aangebied word deur Harmony Uitreik Projek en Estelle van Wyk (Canvas Coaching & Consulting).
Tydens die werkswinkel gee ons onsself weer toestemming om groot te droom en sommer net weer inspirasie te vind. Hierdie interaktiewe werkswinkel kan jou help om ‘n lewe en besigheid te skep wat jou passie is. Ons kyk na die fondasies vir ‘n beter lewe nl: Waardes, Passie, Identiteit en praktiese maniere om dit te verwesenlik deur ‘n visiebord/joernaal.

Saterdag 21 April van 9:00- 16:00
Helderberg Gemeente; Firmountrweg 82, Somerset-Wes
Koste: R300 – Publiek
Fooi sluit ligte verversings en materiaal in. Bring net ‘n eie sker en gom saam.
RSVP teen 15 April by Leandra - harmonyhelderberg@gmail.com.
Lees meer oor Estelle hieroor op https://www.facebook.com/canvascoach/

Hoop Geloofsgemeenskap

Wil jy saam kom luister?

Kairos gevangenis bediening bedank elke persoon wat bygedra het tot 'n Sondagmiddag bord kos die naweek van 13 tot 15 April.

Ons bied op die sluitingsseremonie van Sondag, 15 April van 14:30 'n geleentheid om na Drakenstein gevangenis te kom. Ons luister na die getuienis wat vir hulle die naweek onvergeetlik was. Jongmense wat se gesigte blink omdat hul gehoor het daar is hoop. Kontak Deon of Ansa vir meer inligting.

Deon van Zyl 082 903 9781
Ansa Triegaardt 082 493 8076

KAIROS
Helderberg UITREIK

Bybelverspreiding benodig enige gebruikte Bybels vir hospitale en gevangenisse. Skenkings kan by Ontvangs afgegee word vir aandag Marisa Viljoen.

Helderberg UITREIK

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*